



# PAUL ROOS GIMNASIUM | GYMNASIUM

☎ (021) 887-0017/77 📠 086 651 5969  
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za  
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

## NUUSBRIEF 17 Augustus 2021

Dit is tans vir die skool baie moeilik om 'n omvattende skedule vir sportaktiwiteite te bepaal weens die COVID regulasies en die behoefte van situasie van opponerende skole. Die geskeduleerde bepaling van 19-21 Augustus teen Grey College vind nie vanjaar plaas nie.

Weens die toename van positiewe gevalle onder leerders in die Stellenbosch-omgewing en die getal leerders wat tans in isolasie verkeer, is alle sportaktiwiteite met onmiddellike effek tot verdere kennisgewing opgeskort.

Die assesseringsprogram van die tweede kwartaal is suksesvol afgehandel en die seuns se vorderingsverslag is aan ouers versend. Die verslag gee 'n duidelike aanduiding van tekortkominge en 'n dringende versoek word aan leerders, wat nie die nodige resultate behaal het nie, om drastiese pogings aan te wend om hulle punte te verbeter. Baie geluk aan leerders wat uitstekend presteer het. Die Top 20-lys vir alle grade sal op die webtuiste beskikbaar gestel word.

Op die oomblik het 2,6% van ons leerders positief vir COVID getoets waarvan die meeste die virus weens kontak met positief getoetste familieledede of tydens sosiale byeenkomste opgedoen het. Ons doen 'n dringende beroep op alle leerders om baie streng die COVID 19-protokolle te handhaaf en om sosiale byeenkomste te vermy. Die enkele positiewe gevalle in die koshuis word na die beste van ons vermoëns hanteer en enkele leerders is huis toe gestuur vir die nodige 10 dae in isolasie. Dit is verblydend dat baie leerders verkies om getoets te word om so gou moontlik na die skool terug te mag keer met die ontvangs van positiewe resultate.

**Neem asseblief kennis van die reëlings tydens isolasie:** Indien u seun gedurende die isolasietydperk na vyf dae na kontak, negatief toets, mag hy na die skool terugkeer. Sodanige negatiewe uitslag moet onverwyld aan die graadhoof gestuur word. Indien die uitslag positief is, moet die isolasietydperk van 10 dae bepaal word vanaf die datum van ontvangs van die positiewe resultaat. Die graadhoof moet ook van sodanige inligting voorsien word. Indien hy na die genoemde isolasietydperk van 10 dae geen simptome toon nie, mag hy na die skool terugkeer. Indien enige gesinslid of enige persoon in die huishouding positief getoets word, moet die nodige tydperk van 10 dae isolasie geskied.

**Alle toetse en assesserings** sal tydens die isolasietydperk aanlyn geskied en daarom is dit noodsaaklik dat die graadhoof voortdurend op hoogte van die isolasiereëling gehou moet word. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om op hoogte van klaswerk te bly deur o.a. Google Klaskamer, e-poskommunikasie met onderwyser of kontak met 'n betroubare leerder in dieselfde klas. Inligting van personeel is op die skool se webblad beskikbaar.

Die bestuur van die COVID 19 pandemie bly 'n uitdagende taak en ons doen opnuut 'n ernstige beroep op ouers om die skool te ondersteun om 'n veilige leeromgewing in die skool en gemeenskap te verseker.

André van Staden

REKTOR

17 Augustus 2021